Towerlantern Fotografie

fotografienuus

oktober 2017

"Vuur en rook" ... Nakkie Strydom
Lensopening f4.5; Sluiterspœd 1/2000; Fokale lengte 80mm

Dis elke jaar hierdie tyd se ding ... sinisitis, rinitis, boonste lugweg infeksie, oral. En dit kan amper nie anders nie, want die veld is droog, die stof is baie. Oral is daar veldbrande, en dit sonder weerlig!

Die foto hierby is geneem deur ons fotografievriend Nakkie Strydom. Die saak spreek vanself en die kleure trek onmiddellik die oog. Dis besonders. Dis so jammer dat veldbrande en ander brande dikwels van die mooiste foto's maak. Baie dankie Nakkie vir die instuur en deel van jou foto.

In hierdie uitgawe wil ons spesiaal aandag gee aan die kwaliteit van foto's. Daar is baie aspekte; en ook op verskillende vlakke. Ons wil in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* drie aspekte verderaan bespreek: Die eerste twee sluit aan by die naam "Towerlantern", naamlik betowering (van die gewone na die ongewone) en (lantern)beligting (speel met lig) terwyl die derde gaan oor fotoskerpte (die gebruik van 'n driepoot).

Lees ook wie die wenner is van ons vorige foto-uitdaging en neem jouself voor om deel te neem aan Oktober se foto-uitdaging.

Waardeer jou fotografie – en word geïnspireer deur die lewe. Sien altyd fototonele om jou raak, neem foto's en maak prente daarvan. Geniet hierdie uitgawe en lewer asseblief kommentaar.

Van die gewone na die ongewone

Die titel hierbo beteken dat jy van die alledaagse toneel 'n nuwe werklikheid skep. Die groot vraag is hœ dœn 'n mens dit, en daarmee saam, wat is die kwaliteit van jou foto's? Neem jy jou foto's vinnig met 'n selfoon of tablet? Of speel jy rond om iets besonders te skep? Is daar betowering, *magic*, in jou foto's?

In hierdie tyd wat Towerlantern Fotografie 10 jaar oud is, kan jy gerus nadink oor die betowering van jou foto's. Dink dus hier aan die "tower" van Towerlantern. En vra jouself af of jy die werklikheid (die gewone) soms verander na betowering (die ongewone). Hœ? Natuurlik met kamera-instellings. Ons lig twee sake uit:

Eerstens, wees bewus van selektiewe fokussering. Hiermee word bedœl dat gedeeltes van jou foto's in fokus is terwyl ander dele nie in fokus is nie. Vir gœie effek mœt 'n groot lensopening gebruik word. Ken dus jou lensopening-instellings.

Tweedens, wees bewus van die gebruik van die kamera se LCD-skerm as fokusseerder en beeldsœker. Ja, jy het reg gelees: Die fisiese *view finder* (beeldsœker) van die kamera is nie die enigste beeldsœker nie. Die LCD-skerm werk dikwels veel beter.

Kyk na die foto hierbo en let op die volgende: (i) die foto het betowering, dit is selfs effens onwerklik; (ii) die foto vertoon duidelik selektiewe fokussering en (iii) die foto is met die LCD-skerm gevind (ek het dit nie met my oë gesien nie). Hierdie is dus inderdaad 'n toneel weg van die werklikheid, met betowering.

Towerlantern Fotografie
– oktober 2017 –

Speel met lig

Ons het in die September-uitgawe van *Fotografienuus* gesels oor kreatiwiteit. 'n Aantal wenke is gegee waarmee jy jou foto's tot 'n hoë vlak van kreatiwiteit kan neem. Die wenke wat genœm is, is oorbeligting vir waterverf-effekte, 'n groot lensopening vir bokeh-effekte, zœm-sarsies (vir veronderstelde "beweging") en veelvuldige foto's (as jou kamera dit tœlaat).

'n Saak wat baie nou hierby aansluit is die dœlbewuste gebruik van lig. Nœm dit maar: "speel met lig" (en moontlik kleur). Dit kan aan die een kant beteken dat jy kunsmatige beligting gebruik of aan die ander kant dat jy net gebruik maak van natuurlike beligting (in beide gevalle, om dit metafories te stel, beligting soos met 'n lantern, verwysend na die "lantern" van Towerlantern).

As jy sou vra hœ om met lig te speel, dan is die antwoord eenvoudig net: Speel met lig. Gebruik dus al die tegnieke tot jou beskikking: weereens 'n groot lensopening vir 'n vlak velddiepte en bokeh-effekte, weerkaatsings (byvoorbeeld met behulp van 'n stuk gefrommelde fœlie of 'n waterplas), ligbrekings (soos met 'n reënboog of weerkaatsings op die musiekkant van 'n CD) of selfs die selfoon-*app Pocket Softbox*.

Die foto hierby toon 'n paar van dié aspekte.



Let veral op na die volgende:

- 'n vlak velddiepte (slegs die voorgrond is in fokus om 'n basis te bied),
- veelkleurige bokehs (vanweë weerkaatsings teen blare en water, en ook 'n groot lensopening) en
- weerkaatsings van die lug in 'n waterleliedammetjie.

Probeer dit gerus: dis nie so mœilik nie! Op die ou einde is die effek kleur en lig – en 'n foto wat sê: Lig!

Towerlantern Fotografie
– oktober 2017 –

Verlede en hede

Die fotograaf Jason Powell het 'n interessante foto-projek aangepak. Hy het begin met 'n foto-uitdaging waarin hy die verlede en hede met mekaar kombineer. Vir hom gaan dit oor hœ dinge in die verlede was en nou verander het. Ook hœ dinge was en nou nie verander het nie. En hœ dinge gevisualiseer is en hœ dit nou anders gedœn word.
Powell het baie dæ in die Amerikaanse Library of Congress deurgebring op sœk na ou interessante foto's wat hy kon kombineer met die huidige toneel. Hy sê van sy sœktogte, "I love the library archives so much, they are truely an unsung American treasure".
Die foto hierby toon die idee, maar kyk self na sy ander interessante foto's by die onderstaande adres. Probeer ook soortgelyke tonele skep en stuur dit in.

Country Store on Dirt Road, Gordonton, North Carolina
© Jason Powell

https://www.oh-i-see.com/blog/2013/09/19/looking-into-the-past-and-present/

Kliek hier vir nog voorbeelde

towerlantern se facebookblad

Onthou om van tyd tot tyd Towerlantern se Facebook-blad te besœk. Jy sal allerlei wenke en idees daar teëkom. Baie persone het 'n kriewelrigheid oor Facebook, miskien in die sin dat hulle ontuis is op Facebook, of nie wil saam klets nie of miskien bang is dat hul private lewe geopenbaar sal word.
Wees verseker dat dit nie by Towerlantern se Facebook die geval is nie. Jy hœf nie daar ontuis te vœl nie (jy behoort jou met die meeste sake te kan vereenselwig want dit is fotografiesake), jy hœf nie daar te klets nie (want dit is suiwer 'n opvœdkundige blad) en niks uit jou private lewe sal geopenbaar word nie (want ons sal nooit jou bankbesonderhede vra of jou kamerakennis tœts nie).
Elke weeksdag is daar 'n ander rubriek:
Maandæ: *Foto's van ons fotografievriende* waarin daar opdragfoto's of ander ingestuurde foto's gewys word.
Dinsdæ: *Kunsfotografie* waarin klem gelê word op foto's van kunsfotograwe en wat 'n wyer perspektief gee.
Wœnsdæ: *Kamera- en fotowenke* waarin allerlei wenke gegee word, byvoorbeeld hœ om van stof op die kamerasensor ontslæ te raak.
Donderdæ: *Uit die verlede* wat presies dit is – fotografies, en ou reisbestemmings.
Vrydæ: *Op internet gesien* waarin jy bekend gestel word aan allerlei interessante fotografiese internet-"fondse".
Gaan maak dus 'n draai by die onderstaande adres, *laaik* dit, en deel dit met vriende, selfs oorsee.

Facebook-adres:
https://web.facebook.com/towerlantern/

Foto-uitdaging

Ons het in verlede maand se uitgawe van *Fotografienuus* die uitdaging gestel om wolkfoto's te neem. Daar was die hele maand maar min wolke. Maar wie sy/haar oë oop gehou het, het tog die wolke opgemerk. En ons prys van R300 gaan aan Maryke Schoonen vir haar foto wat hierby verskyn. Baie dankie en baie geluk Maryke.

Maryke skryf hieroor die volgende: "Vrœgoggend het die wolke die mooiste patrone gemaak. Vanuit my kantoor op die NWU(Puk)-kampus het dit as't ware gelyk asof die wolke hul ontstaan kry uit die Puk se Kunstekantoor. Vandaar dan ook die titel."

"Waar daar 'n wolkie is, is daar 'n kunsie"...
Maryke Schoonen
Lensopening f18; Sluiterspœd 1/80;
Fokale lengte 10mm

Oktober-uitdaging: Betowering

Ons het 'n volgende foto-uitdaging vir Oktober, en dit kan jou ook 'n prys van R300 in die sak bring.

Die beoordelaars sœk na die beste foto wat betowering uitbeeld – dit sluit dus weereens aan by die "tower" van Towerlantern – saam met 'n interessante titel.

Die foto mœt geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 21 Oktober 2017 (maak seker dat die inligting by die foto se *Properties* gegee word) en dit mœt ons bereik teen 24 Oktober 2017.

"If the photographer is interested in the people in front of his lens, and if he is compassionate, it's already a lot. The instrument is not the camera but the photographer."
— Eve Arnold

Volgende eerstevlak-fotografiekursus

Ons volgende eerstevlak-fotografiekursus begin teen die einde van Oktober, en wel DV op 31 Oktober 2017.
Oorreed 'n vriend of twee om dié kursus te kom bywoon. Soos gebruiklik bestaan die kursus uit 10 klasgeleenthede en dit strek oor ongeveer vier weke. Uit ervaring weet jy self watter waarde ons kursus(se) vir jou gehad het. Oortuig dus vriende van die waarde daarvan om so 'n kursus te volg. Stuur gerus ook besonderhede van familie of vriende vir my sodat ek gereeld inligting kan stuur.

Die gebruik van 'n driepoot

Dikwels besef fotograwe nie hœ belangrik 'n driepoot is nie. En daar is verskillende redes daarvoor, waaronder die volgende:
Jy kan die tœgevoude driepoot gebruik as 'n verdedigingstok om ondiere, soos dassies, van jou af weg te hou. Hierdie is nie 'n grap nie – dit was my ervaring tydens 'n besœk aan die kokerboomwoud naby Keetmanshoop in Namibië.
Jy kan by stillewefotografie baie presies wees met jou komposisie sowel as met eenvormigheid in opvolgende foto's.
Jy het ten volle beheer oor handfokussering. Die linkerfoto hierby wat tydens 'n œfenklas geneem is, toon 'n vetplantblommetjie van ongeveer 1 cm lank. Daar is op die "patrone" (nie die stuifmeeldrade nie) aan die binnekant van die blomkelk gefokus met 'n lensopening van f2.8. Die lig was ook swak.
Bestudeer hierdie foto en sy vergroting en besef jy het 'n stewige hand, eerder poot, nodig. In dié geval 'n Vanguard Tracker S driepoot en 'n 2 sekonde vertraag-instelling van die kamera.

Redakteur: Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs